Publication: RapportEasternCape (Sport)
Publication Date: 20 May 2018
Page: 13

AVE: 63402.63
Circulation: 6875
Part: 1 of 1

# Jaguars ruk vegtende Fireballs uitmekaar in Goudstad

**Annchen Nel**

Die donkerblou masjien storm voort!

En die slegte nuus vir sy teenstanders is dat die netbalwedstryde in die nasionale Premierliga nou na sy tuisbaan verskuif.

Die Jaguars van Noord-Gauteng het gisteraand in die Ellispark-arena in Johannesburg die vierde oorwinning van sy 2018-veldtog behaal toe hy sy Gautengse buurspan, die Fireballs, met 46-36 geklop het.

Die Pretorianers het nou agt punte in die sakkie en is steeds onoorwonne in vanjaar se liga.

Die Jaguars het gister uit die staanspoor voorgeloop, maar dit was in 'n stadium maar naelskraaps. Hul voorsprong van 15-7 ná die eerste kwart is in die tweede 15 minute halveer tot 'n vierpunt-kussing, met die telling 24-20.

Enigiets was nog moontlik en Jenny van Dyk, die Jaguars se afrigter, het langs die baan baie gefrons. Die Fireballs het hul goeie tweede kwart egter opgevolg met 'n kleitrappery in die derde. Die Pretorianers het dié kwart met 'n voorsprong van 10 doele (35-25) afgesluit, en nie weer teruggekyk nie.

Die Fireballs het deurgaans hard probeer, maar die Jaguars was net te sterk.

Zandré Erasmus, die doelverdediger van die Fireballs, is ondanks haar span se nederlaag as die Speler van die Wedstryd aangewys.

Sy het op die verdediging haar alles gegee en skaars 'n voet verkeerd gesit.

In die onderskeie doelsirkels was daar min te kies tussen die spanne.

Die wenspan se doelgemiddelde was 78% teenoor die Fireballs se 77%.

Die verdedigende kampioene se volgende wedstryd is Vrydagmiddag in die Rembrandt-saal op die Tuks-kampus in Pretoria, teen die Mpumalanga Sunbirds. Volgende Saterdag sal hulle slaags wees met die Vrystaatse Crinums, 'n driemalige kampioene.

Die Vrystaters se veldtog is ook nog op koers. Hulle het gister hul derde oorwinning behaal toe hulle met 55-35 oor die Kingdom Stars van KwaZulu-Natal geseëvier het.

Die Crinums behoort vandag geen probleme te ondervind om die Diamonds van die Noord-Kaap te rol nie.

Die Stings van die Wes-Kaap het ook 'n suksesvolle uitstappie in die Goudstad gehad. Hulle het hul oorwinning van 58-16 Vrydagaand oor die Sunbirds van Mpumalanga opgevolg met nog een oor die Aloes van die Oos-Kaap. Die telling was 69-24.

Dit was die Kapenaars se derde sege.

Hul hulpdoelverdediger en kaptein, Juline van der Merwe, is vir die tweede keer in twee naweke as die Speler van die Wedstryd aangewys.

Die Baobabs van Limpopo het Saterdag in 'n opwindende wedstryd 'n goeie oorwinning van 46-44 oor die Sunbirds behaal.

■ Die Stings speel volgende naweek teen die Kingdom Stars en die Diamonds.

■ **Sondag se program (in die Ellis-park-arena):**

**08:00:** Fireballs t. Stars; **10:00:** Crinums t. Diamonds (SS 4); **12:00:** Flames t. Aloes (SS 4).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.